DANKBAARHEID

Een van die geheime van 'n gelukkige lewe is dankbaarheid. As ek en jy dit kan reg kry om met dankbaarheid te leef, verander dit die wêreld vir ons. Begin ons verby die dinge kyk wat die lewe vir ons moeilik maak en sien ons die seën wat ons het, raak. Kyk ons verby die donker wolke en begin ons die silwer randjie raaksien.

Dankbaarheid word 'n realiteit in ons lewe as ons besef dat alles wat ons het, is 'n geskenk van God. Om te kan glo, om te kan werk, om 'n familie te hê – alles is 'n geskenk. Dankbaarheid is egter nie net 'n emosie nie, maar gaan altyd oor tot aksie. Dankbaarheid inspireer my om my geloof uit te leef, om saam met ander gelowiges Sondae God te loof en te dank vir Sy genade, lief te wees vir God se kinders, iets van die baie wat ek ontvang, terug te gee met my tiende, en elke dag met vreugde te leef!

Filippense 4: "4 Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5 Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. 6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. "

'n Gemeente kan nie net 'n bediening aan lidmate hê nie, daar moet ook 'n bediening deur lidmate wees. Dit is juis deur betrokke te wees en in te skakel, dat jy jou geloof begin prakties uitleef en so deel te word van die groter geloofsgemeenskap. Ons het mekaar hierin nodig!

Daarom wil ons graag baie dankie sê vir elke lidmaat se betrokkenheid by die gemeente se werksaamhede die afgelope jaar op alle terreine, soos o.a. om weekliks sop te maak vir die straatmense, 'n siek persoon dokter toe te neem, vir iemand te bid, 'n finansiële bydrae te maak tot iemand se behoeftes, 'n 'oor' te wees vir iemand, dalk iemand se hare te doen by die Tehuise, dalk 'n rol in 'n kind se lewe speel deur o.a. betrokkenheid by die gemeente se kategese die afgelope jaar of by die kinderhuis of Fisantekraal Crèches. Dalk het jy jou gawes gebruik deur die afgelope jaar betrokke te wees by een van die gemeente se bedieningsgroepe, bv. die kommunikasie groep, kleingroepe, kerkraad, strategiese groep, omgeediens, klankbediening, eredienswerkgroepe, die gemeente se koor, fotograaf gespeel by funksies en gebeurtenisse of dalk het jy iewers in 'n span gehelp om saam te dink en bid oor belangrike sake. Dankie ook aan elkeen wat sorg vir Sondae se mooi blomme!!

Baie dankie ook vir lidmate wat reeds bygedra het tot November-maand se Dankbaarheidsoffers.

Die mooi bedrag reeds geïn is <u>R717 000</u>. Ons mikpunt is R1 600 000-00.

GEMEENTEBULLETIN

Durbanville Gemeente

KERKKANTOOR
Tel: 021 975 6370
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za
Facebook: Durbanville Gemeente
Instagram: @durbanvillegemeente
Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente Durbanville.
Verw: *bv. RVos / MDO*

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 26 NOVEMBER 2017	VOLGENDE WEEK 03 Desember 2017
		Teks:1 Petrus 2: 1-17	*Teks:1 Korintiërs1:3-9*
09:00	**Kerk: Klassieke diens**	Dr. Tinus van Zyl Nagmaal	**Gesamentlike Diens**
09:00	**Sentrum: Familiediens**	Ds. Jana Dickason Kersspel	**Kerssangdiens**
19:00	**Kerk: Kersprogram**	Ds. André Agenbag	Dr.Tinus van Zyl Doop

VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:

- Johan du Plessis
- Sariët Bernhardi dogter van Eddie en Helienne Pretorius
- Johanna du Toit

BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Efmé Coetzee , Tossie Kellerman, Elza Smith, Koos en Valerie van Heerden, Karen en Egwart Smuts, Rochelle Cruywagen en Nagmaalspan.

OFFERGAWES

Vandag se Spesiale offergawe gaan aan die **ORRELFONDS**. Aangesien ons orrel baie oud is en derhalwe gereelde onderhoud verg, is 'n orrelfonds op die been gebring wat onvoorsiene uitgawes kan dek.

Die ander groot mikpunt is ook om fondse te genereer om die Trompet-register se pype wat baie oud is en beswaarlik stembaar is, te vervang. 'n Ruim bydrae hiervoor sal opreg waardeer word.

"CHILL"- KAMP- TIENERS VRA HULP

Op 1-3 Desember wil ons van ons tieners op 'n "Chill"- kamp neem by die Jeugsentrum in Hartenbos. Tydens hierdie kamp wil ons, ons tienerleiers toerus en bemagtig tot diensbare leierskap. Tans het ons 10 tieners wat graag wil bywoon. Ons benodig die bedrag van **R3500** om dit te laat plaasvind. Die tieners dra steeds by, maar ons poog om hierdie kostes te verlaag met vrywillige bydraes.
Kontak vir ds. **Jana Dickason 082 6141 728**

VAKANTE POS

Produksie bestuurder:
Shiloh Synergy het 'n posisie beskikbaar vir 'n Produksie/Projek Bestuurder by een van sy projekte, **Shiloh Food**. Die aspirant kandidaat moet ondervinding in bestuur / werk op senior vlak hê. Die aspirant kandidaat moet ook in staat wees om mense te bestuur en rekenaargeletterd wees. Indien u geïnteresseerd is, epos u volledige CV na hr@shiloh.org.za of per hand, 6 Dirkie Uys Straat Proteahoogte Brackenfell 7560

Kontak:Tel.021 981 8241(Mr.Plaatjies) Aansoeke vir hierdie posisie kan dringend deurgestuur word: hr@shiloh.org.za Aansoeke sluit: **04 Desember 2017**

KAMP DORINGLAAGTE 16-18 MAART

Slegs **9 staanplekke** beskikbaar!!
Bespreek by Alrina by die kerkkantoor!! 021 975 6370

DURBANVILLE GEMEENTE BANKB**ESONDERHEDE**
ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

JEUGBEDIENING: KERSSPEL

Ons wil net van hierdie geleentheid gebruik maak om baie dankie te sê aan almal wat betrokke is by die Kersspel (deelname, dekor en skenkings) en wat gehelp het om cupcakes te maak om saam met die tee te geniet na die eredienste. Mag dit die eerste Kersspel van vele wees!

SYLVIA NENE TYGERBERG HOSPITAAL

Ons wil graag weer gedurende November, totdat die skole sluit, toiletware bymekaar maak wat Sylvia onder die pasiënte kan uitdeel. Daarvoor moet ek op u samewerking staatmaak. In die sakkie moet wees: Waslap en seep, tandeborsel en tandepasta en deodorant. Dit hoef NIE as 'n Kerspakkie opgemaak te wees nie, want dit word gedurende die jaar, soos dit benodig word, uitgedeel. Daar sal kartondose, gemerk **SYLVIA NENE**, in die portale wees waarin u die sakkie kan sit, of dit kan ook by die kerkkantoor afgegee word. Hierdie sakkie benodigdhede is vir die meeste pasiënte 'n luukse, en omdat hierdie projek elke jaar sò goed deur die gemeente ondersteun word, het ek regtig die vrymoedigheid om wèèr op u samewerking staat te maak.

Nogmaals baie dankie vir u bydrae. Kontak persoon: **Nana de Kock by 021 976 3618 of die kerkkantoor by 021 975 6370**

UITNODIGING AAN ALLE SENIORS ROCCO DE VILLIERS

Nog net 20 plekke vir die oggend vertoning beskikbaar!

SONSTRAAL GEMEENTE BASAAR

Sonstraal Gemeente se jaarlikse gemeentebasaar vir 2018 vind plaas op **SATERDAG, 24 MAART 2018.**

OMGEEDIENS

FISANTEKRAAL CRÈCHE BEHOEFTES
Ons vra vriendelik vir ’n goeie tweedehandse kantoorstoel vir een van die crèche hoofde in Fisantekraal asb. Kontak gerus vir Esther Blackaller by 021 975 6370
Nie bederfbare voedsel vir ’n behoeftige crèche word ook benodig asb.

BEHOEFTE VAN BADISA
Ons kantoor het onlangs ‘n Graad 10 leerder uit die kloue van ‘n vermeende pedofiel gered voordat iets baie erger met haar sou kon gebeur. Sy is ‘n sterk meisie met baie waagmoed en het vinnig die tekens gesien en begin praat. Sy is in haar tannie se sorg geplaas en is veilig. Sy het egter materiële behoeftes en ons wil haar graag help om ’n sukses van haar lewe te maak.

Enige finansiële bydrae sal waardeer word vir nodige aankope van skool- en gewone klere. Kontak vir Chantell Venter, maatskaplike werker by BADISA Trio Kraaifontein tel: 021 987 2940 of epos: cventer@badisatrio.org.za vir enige navrae.

KOM BEDIEN BY URBAN KERK VIR HAWELOSES
In Belville is daar Sondae ’n gemeente gestig vir hawelose mense met die naam “Urban” wat elke Sondag om 10:00 saam aanbid, leef en eet. Dit is ’n interdenominasionele aksie, maar kort helpers om kos te maak vir (±70 mense) en op ’n Sondag te bedien. Indien jy, jou kleingroep, of jou vriendekring graag kos vir ***slegs een*** Sondag in 2018 wil voorberei en dit daar wil bedien, kontak asb. vir Esther by die kerkkantoor of omgee@durbanvillegemeente.co.za.

OMGEEDIENS

FISANTEKRAAL CRÈCHE BEHOEFTES
Ons vra vriendelik vir ’n goeie tweedehandse kantoorstoel vir een van die crèche hoofde in Fisantekraal asb. Kontak gerus vir Esther Blackaller by 021 975 6370
Nie bederfbare voedsel vir ’n behoeftige crèche word ook benodig asb.

BEHOEFTE VAN BADISA
Ons kantoor het onlangs ‘n Graad 10 leerder uit die kloue van ‘n vermeende pedofiel gered voordat iets baie erger met haar sou kon gebeur. Sy is ‘n sterk meisie met baie waagmoed en het vinnig die tekens gesien en begin praat. Sy is in haar tannie se sorg geplaas en is veilig. Sy het egter materiële behoeftes en ons wil haar graag help om ’n sukses van haar lewe te maak.

Enige finansiële bydrae sal waardeer word vir nodige aankope van skool- en gewone klere. Kontak vir Chantell Venter, maatskaplike werker by BADISA Trio Kraaifontein tel: 021 987 2940 of epos: cventer@badisatrio.org.za vir enige navrae.

KOM BEDIEN BY URBAN KERK VIR HAWELOSES
In Belville is daar Sondae ’n gemeente gestig vir hawelose mense met die naam “Urban” wat elke Sondag om 10:00 saam aanbid, leef en eet. Dit is ’n interdenominasionele aksie, maar kort helpers om kos te maak vir (±70 mense) en op ’n Sondag te bedien. Indien jy, jou kleingroep, of jou vriendekring graag kos vir ***slegs een*** Sondag in 2018 wil voorberei en dit daar wil bedien, kontak asb. vir Esther by die kerkkantoor of omgee@durbanvillegemeente.co.za

Durbanville Gemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

GEMEENTE FINANSIES EN KOSTEBESPARINGS: TERUGVOER

Soos u reeds bewus is en soos ook gekommunikeer is aan die gemeente op Sondag, 10 September, 24 September en 22 Oktober, het die Kerkraad tydens 'n kerkraadsvergadering van 19 September besluit om dringende kostebesparingsmaatreëls te oorweeg vir implementering.

Wat het intussen gebeur?

- Formele prosesse is geïnisieer om verdere kostebesparings te implementeer.
- Konsultasies t.o.v. herstrukturering is gefinaliseer en is afgehandel.

Die volgende veranderinge tree in werking **met ingang 1 Januarie 2018**:-

- Die vakante administrasiepos (Cindy van der Merwe het bedank met ingang 1 November 2017) word nie weer gevul nie.
- Die Jeugwerkerpos verval – Etienne Snyman verlaat ons diens einde Desember 2017.
- Maatskaplike werker: Omgeedienskoördineerder se voldag pos is omskep in 'n 5/8 pos.
- Die Senior Bedieningpos se termyn sal op 'n 3 maande kontrakbasis geskied en hernuwing sal evalueer word in die lig van die finansiële situasie.
- Die Pastorale Hulpwerker by Tygerberg Hospitaal se bydrae is gestaak – die Sinode het verantwoordelikheid vir die pos oorgeneem.
- Die Sendelinge se gemeente bydrae is gestaak – lidmate dra individueel by tot hul bediening.
- Die Sentrum vir Geloofsvorming se bydrae is gestaak.
- Die kerkkantoor beoog om so gou doenlik oor te skuif na die konsistorie in die kerkgebou sodra nuwe huurders gekry word.

As gemeente wil ons steeds positief en getrou aan ons roeping bly. Benewens die uitdagings van ons groter leefwêreld, het ons ook die uitdagings van ons eie, unieke omstandighede. Daarmee wil ons ook in pas met die boodskap van Jer. 29 sê: "Ons is positief oor die toekoms van ons gemeente, want ons weet die Here is met ons!

Hou asseblief die Kerkraad, Leraars en Personeel en ook die Gemeente se werksaamhede in u gebede!

Durbanville Gemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

GEMEENTE FINANSIES EN KOSTEBESPARINGS: TERUGVOER

Soos u reeds bewus is en soos ook gekommunikeer is aan die gemeente op Sondag, 10 September, 24 September en 22 Oktober, het die Kerkraad tydens 'n kerkraadsvergadering van 19 September besluit om dringende kostebesparingsmaatreëls te oorweeg vir implementering.

Wat het intussen gebeur?

- Formele prosesse is geïnisieer om verdere kostebesparings te implementeer.
- Konsultasies t.o.v. herstrukturering is gefinaliseer en is afgehandel.

Die volgende veranderinge tree in werking **met ingang 1 Januarie 2018**:-

- Die vakante administrasiepos (Cindy van der Merwe het bedank met ingang 1 November 2017) word nie weer gevul nie.
- Die Jeugwerkerpos verval – Etienne Snyman verlaat ons diens einde Desember 2017.
- Maatskaplike werker: Omgeedienskoördineerder se voldag pos is omskep in 'n 5/8 pos.
- Die Senior Bedieningpos se termyn sal op 'n 3 maande kontrakbasis geskied en hernuwing sal evalueer word in die lig van die finansiële situasie.
- Die Pastorale Hulpwerker by Tygerberg Hospitaal se bydrae is gestaak – die Sinode het verantwoordelikheid vir die pos oorgeneem.
- Die Sendelinge se gemeente bydrae is gestaak – lidmate dra individueel by tot hul bediening.
- Die Sentrum vir Geloofsvorming se bydrae is gestaak.
- Die kerkkantoor beoog om so gou doenlik oor te skuif na die konsistorie in die kerkgebou sodra nuwe huurders gekry word.

As gemeente wil ons steeds positief en getrou aan ons roeping bly. Benewens die uitdagings van ons groter leefwêreld, het ons ook die uitdagings van ons eie, unieke omstandighede. Daarmee wil ons ook in pas met die boodskap van Jer. 29 sê: "Ons is positief oor die toekoms van ons gemeente, want ons weet die Here is met ons!

Hou asseblief die Kerkraad, Leraars en Personeel en ook die Gemeente se werksaamhede in u gebede!